NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid oor die terugvoer oor onderrig en leer deur studente

Verwysingsnommer	8P/8.1.6.4
Aanspreeklike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Onderrigleer en Adjunkhoof
Beleideienaar	Direkteur: Onderrig-leer
Verantwoordelike afdeling	Institusionele Akademiese Ondersteuning en Ontwikkeling
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	20 Junie 2008
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2011
Webadres van die beleid	http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/index_a.html
Adres op die beleiddatabasis	HSCAVDM r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\8p-8.1.6.4-student feedback_a.docx

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Direkteur: Onderrig-leer

Beleid oor die terugvoer oor onderrig en leer deur studente

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid vir terugvoer oor onderrig en leer deur studente op 20 Junie 2008 goedgekeur.

2 Doel van die beleid

Die Noordwes-Universiteit (NWU) streef daarna om 'n instelling te wees met 'n fokus op hoë kwaliteit onderrig en leer om studentesukses te verbeter (IP 2010-2012, par 4.1.1, p5). Een van die strategieë wat by die NWU gebruik word en wat van hierdie verbintenis getuig, is om 'n stelsel van toepaslike, sistematiese en gereelde studenteterugvoer oor die kwaliteit van onderrig en leer wat studente ondervind te implementeer. Die doel van hierdie beleid is om 'n gestandaardiseerde raamwerk vir studenteterugvoer oor onderrig en leer aan die NWU daar te stel.

3 Beleid

3.1 Aan die NWU word toepaslike, sistematiese en gereelde studenteterugvoer oor die kwaliteit van onderrig en leer in alle modules en programme verkry, ooreenkomstig reëlings wat dekane in die fakulteite tref.

3.2 Dekane doen in die prestasiebestuursprosesse aan die betrokke kampusbestuur verantwoording vir die nakoming van hierdie beleid.

3.3 Fakulteitsbesture het daarop aanspraak om die advies en ondersteuning van die kampuseenhede vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning in te win ten einde knelpunte in die kwaliteit van onderrig en leer wat uit studenteterugvoer na vore kom, effektief uit die weg te ruim.

4 Kwaliteitsversekering

Die Institusionele Kantoor vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning is verantwoordelik vir die ontwikkeling en jaarlikse hersiening van 'n wetenskaplik verantwoordbare terugvoeringsinstrument vir gebruik in elke fakulteit. Die terugvoeringsinstrument word jaarliks by die eerste vergadering van die Institusionele Senaat vir goedkeuring voorgelê.

5 Woordomskrywing

In hierdie beleid verwys studenteterugvoer na toepaslike evalueringsvorms van studente se ervaringe van die kwaliteit van onderrig en leer (die opvoedkundige ervaring) waarby hulle aan die NWU betrokke is. Toepaslike studenteterugvoer word verkry vir alle afleweringsmodusse wat deur die NWU aangewend word.

Oorspronklike gegewens: Jacoline Jansen van Vuuren(10225676) C:\documents and settings\administrator\desktop\8P-8.1.6.4-student feedback_a.doc
6 Oktober 2010

Verwysingsnommer: 8P-8.1.6.4